

22 Julie

Skrifgedeelte: Prediker 9:1-10

Fokusgedeelte: Prediker 9:4b; Openbaring 22:10-16

In Christus geen hondelewe meer nie

Die Prediker bekyk die lewe sonder God. Almal sal sterwe. Die skoppe en klappe van die lewe laat ons besef dit is maar 'n hondelewe. Sonde het ons in hierdie ellende gedompel. Ons lewe as sondaars is maar misrabel, ellendig en stukkend. Sondaars hoort buite die poorte van die koninkryk van God!

Oosterlinge het destyds niks van 'n hond gedink nie. Honde was veragtelike aasdiere wat buitekant die stad, veral op die ashope, rondgeaas het. Daarteenoor was 'n leeu is 'n indrukwekkende, koninklike dier. Die Prediker vergelyk die mens se lewe met dié diere. Ja, die dood breek selfs die krag van 'n mens wat koninklik geleef het. Wie aan die ontsettende mag en resultaat van die dood dink, sal saam met die Prediker uitroep: Gee my dan liever die lewe, al is dit ook net 'n hondelewe (Pred 9:4b): "'n Hond wat lewe, is beter as 'n leeu wat dood is."

Jesus Christus is die Leeu uit die stam van Juda, die belofde Messias wat die slang se kop vermorsel het. Daarvoor het Hy deel geword van die aardse hondelewe. Hy is verag en buitekant die stad gekruisig. Sy hele lewe van sy wieg tot sy graf was een en al lyde – 'n voortdurende neerdaling in helse smarte! Aan die kruis het Hy gehang soos 'n vervloekte, veragtelike hond, maar deur die opstanding het Hy getoon dat Hy die koninklike Leeu is. Ons Here Jesus, die Leeu uit Juda, leef!

Jesus het gekom om die klaagtoon van die Prediker te moduleer. Vir diegene wat nie in Hom wil glo nie, word hierdie klag 'n duisend maal intenser! Vir diegene wat in Hom glo, word klaagtoon van die Prediker 'n gejubel. Deur die geloof in Christus is daar geen hondelewe meer nie. Jy is losgekoop, bevry en jy behoort in lewe en sterwe aan God. Jy word deur die geloof 'n oorwinnaar saam met Christus!

Sing: Psalm 116:4 Ds M van Helden (Centurion)